DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

22 Julie 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 128: 1, 4	Sing vooraf	Ps. 15: 1, 4
Sing	Ps. 75: 1, 4, 6	Sing	Ps. 145: 1, 2, 3
	Ps. 25: 2, 4		Ps. 31: 3, 6, 12
	Ps. 119: 34, 35		Ps. 20: 1, 2, 4, 5
	Ps. 103: 8, 9		
Skriflesing	Rigters 1	Skriflesing	Spreuke 18 HK Sondag 36 en 37
Teks	Rigters 1:1-2	Teks	Spreuke 18:10
Tema	**Om die Here te gehoorsaam lei tot ongekende seën**	Tema	**Die Naam van die Here is 'n sterk vesting vir die gelowige**
Katkisasie-opening: Psalm 145: 1, 2			

2. ALGEMENE KERKNUUS

WES-KAAP JEUGKONGRES

In opdrag van die sinodale jeugdeputate word daar op DV **Sondag, 29 Julie** 'n jeugkongres (gemik op veral kinders en studente) by Gereformeerde Kerk Bellville-Oos aangebied. Dit begin om 09h30 met 'n erediens, waarna Mynhardt van Pletzen gaan praat oor ***Sosiale Media en Die Evangelie***. Toegang is gratis en sluit 'n hamburger middag-ete in.
Kontakpersone: ds. Dinant Zwemstra (083 601 8986) en ds. Reynold Fourie (084 707 6276)

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Dis weer tyd om voor te berei vir ons jaarlikse basaar op DV **Saterdag, 27 Oktober.** Alle wit olifante, boeke, glaspotjies vir konfyt, 2de handse klere en plantbakkies (ook leë roomys- en joghurt bakkies) kan 'n huis vind in die houers wat uitgesit is in die teedrinklokaal. **Lidmate wat belang stel om te help met die koördinering van die stalletjies, bemarking of enige ander aspek van die basaar – skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal en woon die vergadering volgende Sondag na die aanderediens by.**

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Bybelstudie vir mamma's: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons teedrinklokaal op DV **Vrydag, 3 Augustus** vanaf **10h30 tot 14h00**. Smaaklike pannekoek en kerrie-en-rys word bedien. Heerlike konfyt en wit olifante sal ook te koop wees. Indien jy graag 'n bestelling wil plaas vir wegneem-ete, skryf asseblief jou naam op die lys in die teedrinklokaal. Ons benodig ook hulp tydens die oggend se verrigtinge – skryf asseblief jou naam op die lys indien jy bereid is om te kom help.
Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald

Pryse:	Kerrie-en-Rys	R20 per porsie
	Pannekoek	R5 elk / R20 vir 5 pannekoeke

EKO-KLUB

Ons **doel** is om ons medemens (binne en buite ons gemeente) **bewus te maak** van ons impak op die omgewing en dan ook om **nuttige wenke** te verskaf oor hoe om jou impak op die omgewing te verminder. Dit werk saam om meer in lyn met Genesis 2:15 te leef. "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en bewaak."

Ons **huidige aksies** behels:

- Herwinninngsprojek op die kerkterrein. Lidmate kan enige papier, glasbottels en blikkies in een sak bring en in die gemerkte drom/sak plaas.
- Maandelikse kennisgewing in Die Loot van die hoeveelheid rommel wat herwin is, asook die fondse wat ingesamel. Hierdie fondse is ten bate van die Diakonale Kas.
- 'n Blog waar nuttige wenke en interessante artikels op 'n maandelikse basis geplaas word.

'n Legio van ander aktiwiteite is in die pyplyn vir die toekoms, so indien jy betrokke wil raak by die aksies **skryf jou naam op** die lys in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: br. Eduard Roos

GELUKWENSING

Ons dank God vir die genade van 'n nuwe kleinseun vir br. Anton en sr. Carin van den Bout.

GEMEENTEKAMP

Ons herinner u graag aan die gemeentekamp wat plaasvind DV **28 tot 30 September** te **Mizpah**. Indien u betrokke wil wees by die beplanning, kontak vir br. Jaco Cilliers.

HUISBESOEK

Wyk **Oude Westhof** (oudl. Jakobus Wüst) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KATKISASIE

Katkisasie klasse heropen vanoggend na die erediens.

KLIPPIES

Die laerskool leerders kom DV **Vrydag, 3 Augustus** vanaf 18h00 tot 20h00 op die kerkterrein bymekaar. Sr. Emzy Venter gaan ons leer hekel! Kontakpersoon: sr. Debbie Daling

KREATIEWE KORALE (Hekel-en-Brei)

Die Kreatiewe Korale (voorheen bekend as die hekel-en-brei groepie) kom op die eerste Donderdag van die maand in die konsistorie bymekaar. Ons nooi graag alle lidmate om **enige kreatiewe projek** te bring en saam te kom kuier. Die volgende byeenkoms is DV Donderdag, 2 Augustus van 19h00 tot 21h00. Kontakpersoon: sr. Emzy Venter

LEWENDE STENE & ROTSE

Die hoërskool leerders en studente kom DV vanaand vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar in ons kerkgebou. Prediker 8 word behandel in bybelstudie. Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Beatie Roos wat in Karl Bremer-hospitaal opgeneem is.

Sr. Annatjie Badenhorst is verlede Sondag oorlede. Mag die Here haar kinders ryklik vertroos. Die troosdiens vind plaas by Huis André van der Walt op DV Maandag, 23 Julie om 14h00.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: Our first home-grown RCSS couple are engaged - congratulations to sr. Thea Gerber and br. Michael Vorster

Prayer: for our new member candidate family from Zimbabwe

OMGEWINGSAKE

Vertroue is 'n waarde wat gewin en gekoester moet word en kan alleen tot sekerheid in ons aardse huishouding se verhoudings lei. 'n Baie suiwer openbaring van vertroue vind ons in die geloofslewe waar ons God se liefde vir en versorging van die Skepping moet deel en nie 'n belangeloosheid daarvoor vertoon nie. Ons is goed om die regte besluite rakende omgewings-bestuur te neem maar haper met die uitvoering daarvan. Sorg dus dat wantroue nie in jou onderlinge betrekkinge posvat nie, nes vertroubaarheid 'n vername geheim van 'n gelukkige huwelikslewe is.

Die hart van haar man vertrou op haar en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie." ***Spreuke 31:11***

VGK-KOOR

Die Vrye Gereformeerde Kerk nooi alle belangstellendes graag uit om saam te sing in die koor later vanjaar. Die datums word nou al bekend gemaak, met die hoop dat daar sommer baie mense sal kom om mooi musiek te maak tot eer van God. Die datums is ook aangebring by die deure. Kontakpersoon: Carike Byker (carikebyker@gmail.com)

Kerssangaand: Dinsdag, 11 Desember om 19h00

Koor-oefeninge (19h15 – 21h00): Dinsdae 16 Oktober en 30 Oktober tot 4 Desember, Vrydag 7 Desember

4. SUSTERS

EMBLEEM VIR DIE SUSTERS

Ons nooi alle lidmate wat belangstel – oud en jonk – om jul ontwerp(e) vir 'n embleem vir die Sustershulporganisasie van ons gemeente voor te lê. Die tema: **Omgee**, gebaseer op Johannes 14:20-21: "... weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle. ... en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar." **Die sluitingsdatum is DV 29 Julie 2018**. Stuur die ontwerpe asseblief per e-pos aan judy.venter@mweb.co.za, of gee dit ná die oggenderediens aan srs. Judy Venter of Deléne Vrey.

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Nicolette Costerus**, Lizelle Janse van Rensburg, Joany Koen, Annalize Louw, Mariet Nijeboer, Carin van den Bout, Annemie van Dyk en Daleen Venter

Woensdag (Diakonie): Srs. **Emzy Venter**, Rea Costerus, Magda Groot, Marika Momberg

Volgende Sondag: Srs. **Geertje Groenewald**, Engela du Plessis, Jani Gers, Glaudi Goosen, Magda Roos, Carisa Snyman, Marthie van Rooy, Gea Wyma

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Martin van der Walt, Tommie Venter, Reinard Visser, **Ludwig Venter**

Volgende week: Brs. Lawrence Lombard, Ruthven Janse van Rensburg, David Myburgh, Jaco Coetsee

Ouderlinge
Vandag: Brs. Freddie Scheepers, Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald, Piet Aucamp
Volgende week: Brs. Jacobus Venter, Jakobus Wüst, Niël van Hoving, Mark Lyons

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Johan Snyman, Dewald Costerus
Volgende week: Brs. Berend Meijering, Eduard Roos

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Kinderhuise in kerkverband
By die deure:	Thusofonds	Instandhouding van eiendomme

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Julie: 23/07 Oude Westhof, 30/07 Durbanville 1
Augustus: 13/08 Durbanville 2, 27/08 Stellenryk
September: 03/09 Oak Glen, 17/09 Goedemoed

VERGADERINGS
Katkisasie kommissie
Vanaand na die erediens in die konsistorie
Diakonie
Woensdag om 19h00 in die konsistorie
Basaar
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. ‘n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Kotie Esterhuizen** gelukwens met haar **84ste** verjaarsdag en **br. Johan Joubert** met sy **88ste** verjaarsdag!

23/07	Sr. Nicolet Coetzee Sr. Marie Lit
24/07	Sr. Ronél Pretorius Sr. Anneliese Smit
25/07	Sr. Anzel Botha Br. Tenie Hendricks Sr. Carin van den Bout Sr. Julia van Wijk Danelle Venter (1 jaar)
26/07	Sr. Kotie Esterhuizen Br. Johan Joubert
28/07	Annabel du Plessis (4 jaar) Br. Lubi Ndou

Mag God, die bron van alle hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! *Romeine 15:13*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za